

Argief.

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.



UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Vrydag, 2 Mei 1969

WINDHOEK

Friday, 2 May 1969

No. 2995

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

The following Draft Ordinance is published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

INHOUD

Wysigingsontwerpordonnansie op Finansies en Ouditering 1969 1016

CONTENTS

Bladsy/Page

Finance and Audit Amendment Draft Ordinance, 1969 1017

ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Finansiële en Ouditeer Ordonnansie 1926 met betrekking tot die woordbepaling van „finansiële jaar”, „Regering”, „persoon in die diens van die Administrasie”, „inkomste”, „statutêre liggaam” en „Tesourie”; om artikels 3, 4, 15 en 22 te wysig; om artikels 10, 24 en 26 te vervang, om voorsiening te maak vir regsmiddels vir persone wat veronreg is deur enige vergoedingsvordering, die ouditering van die rekenings van statutêre liggame, verslae oor sodanige ouditerings, die verhaal van ouditeringsgelde, die opstel van finansiële regulasies en die uitreiking van tesourie- en inkomste-omsendbriewe; om artikel 23A in te voeg, om voorsiening te maak vir die bestryding van ouditeringskoste; om artikel 24bis te hernommer, en om voorsiening te maak vir verbandhoudende sake.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Woordbepaling.

1. In hierdie ordonnansie beteken die hoofordonnansie die Finansiële en Ouditeer Ordonnansie 1926 (Ordonnansie 1 van 1926).

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 1 van 1926.

2. Artikel 1 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur die byvoeging na die woord „ingeslote” aan die einde van die woordbepaling van „finansiële jaar” van die woorde „totdat daar anders bepaal word by besluit van die Wetgewende Vergadering, wanneer dit beteken die tydperk aldus bepaal, of, in die geval van ’n statutêre liggaam, tensy anders bepaal by die wet waarkragtens sodanige liggaam ingestel of saamgestel is;”;

(b) deur die invoeging na die woordbepaling van „finansiële jaar” van die onderstaande woordbepalings:—

„Regering’ beteken die Regering van die Republiek van Suid-Afrika;

„persoon in die diens van die Administrasie’ beteken enige persoon in die diens van die Administrasie in ’n voltydse of deelydse hoedanigheid, hetsy aangestel in ’n permanente of in ’n tydelike hoedanigheid of onder ’n dienskontrak op voorwaardes vergelykbaar met beamptes of werknemers in die Staatsdiens, of enige persoon in die diens van ’n departement van die Regering, wie se salaris of regstreeks of by wyse van ’n eis deur die Administrasie betaal word, of enige persoon hoegenaamd wie se dienste aan die Administrasie geleen word;”;

(c) deur die byvoeging na die woord „het” aan die einde van die eerste woordbepaling van „inkomste” van die woorde „en sluit in die opbrengs van allenings aangegaan, maar sluit uit die bedrag van enige boete van hoogstens ses rand opgelê aan enige persoon deur enige geregshof vir sover sodanige bedrag nie verhaal is nie”;

DRAFT ORDINANCE

To amend the Finance and Audit Ordinance 1926, relating to the definition of "financial year", "Government", "person in the employment of the Administration", "revenues", "statutory body" and "Treasury"; to amend sections 3, 4, 15 and 22; to substitute sections 10, 24 and 26, to provide for remedies of persons aggrieved by any surcharge, the auditing of the accounts of statutory bodies, reports on such audits, the recovery of audit fees, the making of financial regulations and the issue of treasury and revenue circulars; to insert section 23A, to provide for defraying the cost of audits; to renumber section 24*bis*, and to provide for matters incidental thereto.

—

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this ordinance the principal ordinance means the Finance and Audit Ordinance 1926 (Ordinance 1 of 1926). Interpretation.

2. Section 1 of the principal ordinance is hereby amended — Amendment of section 1 of Ordinance 1 of 1926.

(a) by the addition after the word "inclusive" at the end of the definition of "financial year" of the words 'until otherwise provided by resolution of the Legislative Assembly, when it means the period so provided, or, in the case of a statutory body, unless otherwise provided by the law in terms of which such body was established or constituted;';

(b) by the insertion after the definition of "financial year" of the following definitions:—

" 'Government' shall mean the Government of the Republic of South Africa;

'person in the employment of the Administration' shall mean any person employed in a full-time or part-time capacity by the Administration whether appointed in a permanent or in a temporary capacity or under contract of employment on conditions comparable to officers or employees in the public service, or any person employed by a department of the Government whose salary is paid by the Administration either directly or by means of a claim, or any person whatsoever whose services are seconded to the Administration;";

(c) by the addition after the word "appropriation" at the end of the first definition of "revenues" of the words "and includes the proceeds of all loans raised, but does not include the amount of any fine not exceeding six rand imposed upon any person by any court of law in so far as such amount has not been recovered";

- (d) deur die vervanging van die tweede woordbepaling van „inkomste” deur die volgende woordbepalings:—

„statutêre liggaam’ beteken enige raad, bank, fonds, inrigting, maatskappy, korporasie of ander organisasie onder die regsmag van die Wetgewende Vergadering en gestig of saamgestel by of kragtens die bepaling van enige wet ingevolge waarvan die rekenings van sodanige statutêre liggaam deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal geouditeer moet word; ‚Tesourie’, onderhewig aan die bepaling van artikel *dertien* van hierdie ordonnansie en van artikels *een-en-dertig* en *twee-en-dertig* van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) soos van tyd tot tyd gewysig, beteken die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee”.

Herroeping van artikel 1bis van Ordonnansie 1 van 1926 soos ingevoeg by artikel 2 van Ordonnansie 3 van 1961.

3. Artikel 1bis van die hoofordonnansie word hierby herroep.

Wysiging van artikel 3 van Ordonnansie 1 van 1926.

4. Artikel 3 (1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die skrapping van al die woorde wat begin met die woorde „Die Administrasie” en wat eindig met die woorde „en opneming”.

Wysiging van artikel 4 van Ordonnansie 1 van 1926.

5. Voorbehoudsbepaling (ii) by artikel 4 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van die woorde „verantwoordelike amptenaar” deur die woorde „persoon wat verantwoordelik is,”.

Wysiging van artikel 5 van Ordonnansie 1 van 1926.

6. Artikel 5 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

- (a) deur die vervanging in subartikel (1) —
- (i) van die woorde „amptenare in die Staatsdiens” deur die woorde „’n persoon in die diens van die Administrasie”, en
 - (ii) van die woord „sulke amptenare” waar dit die tweede keer voorkom deur die woord „so ’n persoon,”;
- (b) deur die vervanging in subartikel (2) (a) van die woorde „amptenaar in die Staatsdiens” deur die woorde „persoon in die diens van die Administrasie”.

Vervanging van artikel 10 van Ordonnansie 1 van 1926.

7. Die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van artikel 10 deur die volgende artikel:—

„Regsmiddel vir persoon veronreg deur vergoedingsvordering.

10. (1) (a) Enige persoon wat beswaar het teen enige vergoedingsvordering wat deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal teen hom ingestel is, kan binne ’n tydperk van een maand nadat hy deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal van die vergoedingsvordering in kennis gestel is, of binne die verdere tydperk wat die Administrateur toelaat, by die Administrateur appèl aanteken en na die verdere ondersoek wat nodig geag word, kan die Administrateur beveel dat die appellant in die geheel of ten dele onthef word van die vergoedingsvordering na gelang dit billik en redelik mag blyk.

(b) Die Kontroleur en Ouditeur-generaal moet van elke sodanige bevel in kennis gestel word en moet ’n volledige lys van alle vergoedingsvorderings wat ooreenkomstig die

- (d) by the substitution for the second definition of "revenues" of the following definitions:—

" 'statutory body' shall mean any board, bank, fund, institution, company, corporation or other organisation under the jurisdiction of the Legislative Assembly and established or constituted under or by virtue of the provisions of any law, in terms of which the accounts of such statutory body are to be audited by the Controller and Auditor-General; 'Treasury' shall, subject to the provisions of section *thirteen* of this ordinance and of sections *thirty-one* and *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) as amended from time to time, mean the Administrator-in-Executive Committee".

3. Section *ibis* of the principal ordinance is hereby repealed.

Repeal of section 1bis of Ordinance 1 of 1926 as inserted by section 2 of Ordinance 3 of 1961.

4. Section 3 (1) of the principal ordinance is hereby amended by the deletion of all the words commencing with the words "The Administration" and ending with the words "and audit".

Amendment of section 3 of Ordinance 1 of 1926.

5. Proviso (ii) to section 4 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the words "responsible officer" of the words "person responsible".

Amendment of section 4 of Ordinance 1 of 1926.

6. Section 5 of the principal ordinance is hereby amended —

Amendment of section 5 of Ordinance 1 of 1926.

- (a) by the substitution in subsection (1) —

- (i) for the words "officer in the public service" of the words "person in the employment of the Administration", and
(ii) for the word "officer" where it appears for the second time, of the word "person";

- (b) by the substitution in subsection (2) (a) for the words "officer in the public service" of the words "person in the employment of the Administration".

7. The principal ordinance is hereby amended by the substitution for section 10 of the following section:—

Substitution of section 10 of Ordinance 1 of 1926.

"Remedy of person aggrieved by surcharge.

10. (1) (a) Any person who is dissatisfied with any surcharge made against him by the Controller and Auditor-General may, within a period of one month after he has been notified by the Controller and Auditor-General of the surcharge, or such further period as the Administrator may allow, appeal to the Administrator and, after such further investigation as may be considered necessary, the Administrator may make such order directing that the appellant be released wholly or in part from the surcharge as may appear to be just and reasonable.

(b) The Controller and Auditor-General shall be informed of every such order and shall transmit to the Administrator a complete list of all surcharges remitted in whole

bepalings van hierdie subartikel in die geheel of ten dele kwytgeskeld is, aan die Administrateur deurstuur.

(c) As die Wetgewende Vergadering dan in sitting is moet die Administrateur die lys so gou moontlik aan die Wetgewende Vergadering voorlê, of as die Wetgewende Vergadering nie dan in sitting is nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende sitting.

(2) Enige sodanige persoon kan, in plaas van ingevolge subartikel (1) by die Administrateur appèl aan te teken, binne 'n tydperk van een maand nadat hy deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal skriftelik van die vergoedingsvordering in kennis gestel is, of binne die verdere tydperk wat die hof toelaat, by enige hof met regsbevoegdheid, aansoek doen om 'n bevel wat die vergoedingsvordering ter syde stel of verminder, en as die hof op die meriete van die saak nie deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal oortuig is omtrent die regmatigheid van die instelling van die vergoedingsvordering of omtrent die juistheid van die bedrag daarvan nie, kan die hof op so 'n aansoek 'n bevel uitvaardig wat die vergoedingsvordering ter syde stel of verminder, na gelang van die geval".

Wysiging van artikel 15 van Ordonnansie 1 van 1926 soos gewysig by artikel 2 van Ordonnansie 2 van 1967.

8. Artikel 15 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die skraping van die woorde „van die Unie”, „van die Unie van Suid-Afrika”, „van die Republiek” en „van die Republiek van Suid-Afrika” oral waar hulle voorkom.

Wysiging van artikel 22 van Ordonnansie 1 van 1926.

9. Artikel 22 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die byvoeging na die woord „toesig” aan die einde daarvan van die woorde „en is hy ook die hoofontvanger van inkomste”.

Invoeging van artikel 23A in Ordonnansie 1 van 1926.

10. Die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die invoeging na artikel 23 van die onderstaande artikel:—

„Koste van ouditering.

23A. Alle uitgawes van en verbonde aan die nasien, ondersoek en ouditering deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal van die rekenings genoem in artikels *drie* en *vier-en-twintig* moet bestry word uit die Inkomstefonds van die Gebied op 'n grondslag wat bepaal moet word deur die Tesourie van die Regering in oorleg met die Administrateur.”.

Vervanging van artikel 24 van Ordonnansie 1 van 1926.

11. Die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van artikel 24 deur die volgende artikels:—

„Ouditering van rekenings van statutêre liggame.

24. (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings is die bepaling van hierdie artikel en van artikels *vier-en-twintig A* tot *vier-en-twintig C* van toepassing op die ouditering van die rekenings van enige statutêre liggaam deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal: Met dien verstande dat ten opsigte van munisipaliteite en dorpsbesture ingestel kragtens en ingevolge die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) en die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) onderskeidelik, die bepaling bedoel in hierdie artikel bykomend is tot, en nie vervangend is nie van, die bepaling van die voormelde ordonnansies.

(2) Vir die doel van so 'n ouditering (hieronder 'n spesiale ouditering genoem) kan die Kontroleur en Ouditeur-generaal —

or in part in accordance with the provisions of this subsection.

(c) The Administrator shall present such list to the Legislative Assembly as soon as possible if the Legislative Assembly be then in session, or if the Legislative Assembly be not then in session within fourteen days after the commencement of its next ensuing session.

(2) Any such person may, instead of appealing to the Administrator under subsection (1), apply to any court of competent jurisdiction, within a period of one month after he has been notified in writing by the Controller and Auditor-General of the surcharge, or such further period as the court may allow, for an order setting aside or reducing the surcharge and such court may, on any such application, if not satisfied by the Controller and Auditor-General, on the merits of the case, that the surcharge was rightly imposed or as to the correctness of the amount thereof, make an order setting aside the surcharge or reducing it, as the case may be."

8. Section 15 of the principal ordinance is hereby amended by the deletion of the words "of the Union", "of the Union of South Africa", "of the Republic" and "of the Republic of South Africa", wherever they occur.

Amendment of section 15 of Ordinance 1 of 1926 as amended by section 2 of Ordinance 2 of 1967.

9. Section 22 of the principal ordinance is hereby amended by the addition after the word "supervision" at the end thereof of the words "and he shall also be the principal receiver of revenue".

Amendment of section 22 of Ordinance 1 of 1926.

10. The principal ordinance is hereby amended by the insertion after section 23 of the following section:—

Insertion of section 23A in Ordinance 1 of 1926.

"Cost of audit.

23A. All expenses of and incidental to the examination, enquiry and audit by the Controller and Auditor-General of the accounts mentioned in sections *three* and *twenty-four* shall be defrayed out of the Territory Revenue Fund, on a basis which shall be determined by the Treasury of the Government in consultation with the Administrator."

11. The principal ordinance is hereby amended by the substitution for section 24 of the following sections:—

Substitution of section 24 of Ordinance 1 of 1926.

"Audit of accounts of statutory bodies.

24. (1) Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, the provisions of this section and of sections *twenty-four A* to *twenty-four C* shall apply to the audit by the Controller and Auditor-General of the accounts of any statutory body: Provided that in respect of municipalities and village management boards constituted under and by virtue of the Municipal Ordinance 1963 (Ordinance 13 of 1963), and the Village Management Boards Ordinance 1963 (Ordinance 14 of 1963), respectively, the provisions referred to in this section shall be supplementary to, and not in substitution of, the provisions of the aforesaid ordinances.

(2) For the purpose of such audit (hereinafter referred to as a special audit) the Controller and Auditor-General may —

- (a) een of meer persone aanstel om hom te help, onderworpe aan die voorskrifte wat hy goed vind;
- (b) die besonderhede en rekeningstate aanvra wat hy nodig het;
- (c) na goeë dunde die omvang bepaal van die ondersoek of ouditering wat uitgevoer moet word;

(3) By die uitvoering van 'n spesiale ouditering is die bepalings van artikels *vier*, *vyf*, *ses*, *nege* en *tien*, onderhewig aan die voorbehoudsbepaling by subartikel (1), *mutatis mutandis* van toepassing, en by sodanige toepassing —

- (a) word die verwysing na die Administrateur in artikel *vier* beskou as 'n verwysing na die beherende uitvoerende gesag van die betrokke statutêre liggaam;
- (b) word die verwysing na openbare gelde in artikels *vier* en *ses* beskou as insluitende 'n verwysing na gelde onder die beheer van die betrokke statutêre liggaam;
- (c) word die verwysing na 'n persoon in die diens van die Administrasie in artikels *vyf* en *ses* beskou as insluitende 'n verwysing na 'n persoon in die diens van die betrokke statutêre liggaam;
- (d) word die verwysing na die Administrasie en Administrateur in artikels *ses* en *nege* onderskeidelik, beskou as 'n verwysing na die betrokke statutêre liggaam.

(4) (a) As 'n vergoedingsvordering gedurende 'n spesiale ouditering deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal ingestel word, stel hy die betrokke statutêre liggaam onmiddellik daarvan in kennis.

(b) Die bedrag van so 'n vergoedingsvordering is 'n skuld wat die persoon teen wie die vergoedingsvordering ingestel is, aan die betrokke statutêre liggaam verskuldig is en word, behoudens die bepalings van artikel *tien* scos toegepas by subartikel (3) deur bedoelde liggaam op bedoelde persoon verhaal.

(c) Die bedrag van 'n vergoedingsvordering word verhaal deur aftrekking van die salaris van die persoon deur wie dit verskuldig is in maandelikse paaieimente van hoogstens 'n kwart van bedoelde maandelikse salaris, maar as bedoelde bedrag om enige rede nie deur aftrekking soos voormeld verhaal kan word nie, kan bedoelde liggaam dit deur aksie in 'n bevoegde hof verhaal.

Kontroleur en
Ouditeur-
generaal se
verslag oor
statutêre
liggame.

24A. (1) So gou doenlik na die voltooiing van 'n spesiale ouditering, of na voltooiing van 'n reeks spesiale ouditerings ten opsigte van statutêre liggame in dieselfde kategorie vir dieselfde finansiële jaar, moet die Kontroleur en Ouditeur-generaal 'n verslag oor sy ouditering of oor 'n reeks ouditerings aan die Administrateur deurstuur en moet hy ook 'n verslag oor elke spesiale ouditering deurstuur aan die betrokke statutêre liggaam en aan sodanige ander liggaam of owerheid wat die wet waarkragtens die betrokke statutêre liggaam gestig of saamgestel is, voor-

- (a) appoint one or more persons to assist him, subject to such directions as he may deem fit;
- (b) call for such particulars and such statements of accounts as he may require;
- (c) in his discretion determine the extent of the examination or audit which is to be carried out.

(3) In carrying out a special audit the provisions of sections *four*, *five*, *six*, *nine* and *ten* shall, subject to the proviso to subsection (1), *mutatis mutandis* apply, and for the purpose of such application —

- (a) the reference in section *four* to the Administrator shall be deemed to be a reference to the controlling executive authority of the statutory body concerned;
- (b) the reference in sections *four* and *six* to public moneys shall be deemed to include a reference to moneys under the control of the statutory body concerned;
- (c) the reference in sections *five* and *six* to a person in the employment of the Administration shall be deemed to include a reference to a person in the employment of the statutory body concerned;
- (d) the reference in sections *six* and *nine* to the Administration and Administrator, respectively, shall be deemed to be a reference to the statutory body concerned.

(4) (a) If any surcharge is made by the Controller and Auditor-General in the course of a special audit, he shall immediately notify the statutory body concerned thereof.

(b) The amount of any such surcharge shall be a debt due from the person against whom the surcharge is made to the statutory body, and shall, subject to the provisions of section *ten* as applied by subsection (3) be recovered by such body from such person.

(c) The amount of a surcharge shall be recovered by deduction from the salary of the person from whom it is due in monthly instalments not exceeding one-fourth of such monthly salary, but if for any reason the said amount is not recoverable by deduction as aforesaid, the said body may recover it by action in a competent court.

Controller and Auditor-General's report on statutory bodies.

24A. (1) As soon as may be after completion of a special audit, or after completion of a series of special audits in respect of statutory bodies in the same category for the same financial year, the Controller and Auditor-General shall transmit a report on his audit, or on a series of audits, to the Administrator and shall also transmit a report on each special audit to the statutory body concerned and to such other body or authority as the law by virtue of which the statutory body concerned has been established or constituted may prescribe: Pro-

skryf: Met dien verstande dat die verslag aan die Administrateur, die statutêre liggaam of ander liggaam of owerheid, na gelang van die geval, nie in dieselfde vorm hoef te wees nie: Met dien verstande voorts dat as enige wet wat 'n statutêre liggaam beheer nie voorsiening maak dat enige van of al die rekeningstate, insluitende 'n balansstaat of staat van bate en laste van die statutêre liggaam deur enige besondere beampete onderteken moet word nie, in sodanige state opgestel moet word in opdrag van, en onderteken moet word deur, die voorsitter of ander hoofbeampete van die beherende uitvoerende gesag van sodanige statutêre liggaam en deur hom aan die Kontroleur en Ouditeur-generaal deurgestuur moet word vir die doeleindes van die verslag wat ingevolge hierdie artikel vereis word.

(2) Die Administrateur moet die genoemde verslag oor 'n spesiale ouditering of oor 'n reeks spesiale ouditerings ten opsigte van statutêre liggame in dieselfde kategorie vir dieselfde finansiële jaar en enige rekeningstate daarby voorgelê en enige spesiale verslag genoem in subartikel (3) aan die Wetgewende Vergadering laat voorlê binne veertien dae na ontvangs daarvan deur hom as die Wetgewende Vergadering dan in sitting is of, as die Wetgewende Vergadering nie dan in sitting is nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende sitting: Met dien verstande dat as die Wetgewende Vergadering voor die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie besluit het, of as die Wetgewende Vergadering daarna besluit, dat enige verslag of reeks verslae deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die rekenings van liggame wat kragtens hierdie ordonnansie statutêre liggame is of as sodanig beskou word, nie aan die Wetgewende Vergadering soos hierin bepaal voorgelê hoef te word nie, die Administrateur die verslae of reeks verslae genoem in sodanige besluit nie aan die Wetgewende Vergadering hoef voor te lê nie tensy hy in enige besondere geval dit in die openbare belang ag om dit te doen.

(3) Die Kontroleur en Ouditeur-generaal kan te eniger tyd, as dit vir hom wenslik blyk om dit te doen, 'n spesiale verslag oor enige aangeleentheid verbonde aan sy bevoegdhede en pligte in verband met 'n spesiale ouditering aan die Administrateur deurstuur.

(4) Die bepalinge van subartikel (2) van artikel *twintig* is, *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n verslag wat ingevolge subartikel (1) of (3) aan die Administrateur deurgestuur word, buiten ten opsigte van die verslae of reeks verslae bedoel in die voorbehoudsbepaling by subartikel (2).

Ouditerings
beskou as
spesiale
ouditerings.

24B. (1) Die Kontroleur en Ouditeur-generaal gaan voort om 'n ouditering uit te voer wat ingevolge artikel *vier-en-twintig* aan hom toevertrou is voor die wysiging daarvan by die Wysigingsordonnansie op Finansies en Ouditering 1969 en vir daardie doel word so 'n ouditering beskou 'n oudite-

vided that the report to the Administrator, the statutory body or other body or authority, as the case may be, need not be in the same form: Provided further that if any law governing such statutory body does not make provision for any or all of the statements of account including a balance sheet or statement of assets and liabilities of the statutory body to be signed by any particular official, any such statements shall be drawn up under the direction of and shall be signed by the chairman or other principal official of the controlling executive authority of such statutory body and shall be transmitted by him to the Controller and Auditor-General for purposes of the report required in terms of this section.

(2) The Administrator shall cause the said report on a special audit, or on a series of special audits in respect of statutory bodies in the same category for the same financial year, and any statements of account submitted therewith and any special report referred to in subsection (3) to be presented to the Legislative Assembly within fourteen days after their receipt by him, if the Legislative Assembly be then in session, or if the Legislative Assembly be not then in session, within fourteen days after the commencement of its next ensuing session: Provided that if, prior to the coming into operation of this ordinance, the Legislative Assembly has resolved, or if thereafter the Legislative Assembly resolves, that any report or series of reports by the Controller and Audit-General on the accounts of bodies which in terms of this ordinance are, or are deemed to be, statutory bodies, need not be presented to the Legislative Assembly as herein provided, the Administrator need not present the reports or series of reports referred to in such resolution to the Legislative Assembly unless in any particular instance he deems it to be in the public interest to do so.

(3) The Controller and Auditor-General may at any time, if it appears to him to be desirable to do so, transmit a special report on any matter incidental to his powers and duties in connection with a special audit to the Administrator.

(4) The provisions of subsection (2) of section *twenty* shall apply *mutatis mutandis* in regard to any report transmitted to the Administrator in terms of subsection (1) or (3) except in respect of the reports or series of reports referred to in the proviso to subsection (2).

Audits deemed
to be special
audits.

24B. (1) The Controller and Auditor-General shall continue to carry out any audit which has been entrusted to him in terms of section *twenty-four* prior to its amendment by the Finance and Audit Amendment Ordinance 1969, and for the said purpose such audit shall be deemed to be an audit of

ring van die rekenings van 'n statutêre liggaam soos in artikel *een* omskryf, te wees.

(2) As dit te eniger tyd in die openbare belang wenslik blyk dat die rekenings van 'n liggaam, vereniging of organisasie, wat onder die regsrag van die Wetgewende Vergadering staan en wat nie 'n statutêre liggaam is nie, deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal geouditeer behoort te word, kan die Wetgewende Vergadering by besluit die Kontroleur en Ouditeur-generaal opdrag gee om die ouditering van sodanige rekenings te onderneem en so 'n liggaam, vereniging of organisasie word dan as 'n statutêre liggaam vir die doeleindes van hierdie ordonnansie beskou.

(3) As dit te eniger tyd in die openbare belang wenslik blyk dat die rekenings van 'n statutêre liggaam nie meer deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal geouditeer behoort te word nie, kan die Wetgewende Vergadering by besluit die Kontroleur en Ouditeur-generaal opdrag gee om op te hou om die rekenings van sodanige statutêre liggaam te ouditeer en die Kontroleur en Ouditeur-generaal moet dan ophou om die rekenings van sodanige statutêre liggaam met ingang van die finansiële jaar van sodanige statutêre liggaam genoem in die besluit of in enige wysigende wetgewing wat moontlik nodig is, te ouditeer, maar nieteenstaande enige bepalings in enige ander wet, moet die Kontroleur en Ouditeur-generaal die ouditering van die rekenings van so 'n statutêre liggaam voltooi tot op die finansiële jaar wat dié wat in die besluit of wysigende wetgewing genoem word, voorafgaan, en 'n verslag daarvoor aan die Administrateur en aan die betrokke liggaam of overheid ingevolge artikel *vier-entwintig A* deurstuur.

Ouditerings-
gelde.

24C. Ten opsigte van 'n spesiale ouditering word 'n bedrag wat bereken word op 'n grondslag bepaal deur die Administrateur na oorleg met die Kontroleur en Ouditeur-generaal, betaal deur die betrokke statutêre liggaam ten bate van die Inkomstefonds van die Gebied: Met dien verstande dat die bedrag aldus bereken onderhewig moet wees aan die beperking daarop geplaas deur die wette waarkragtens die betrokke statutêre liggaam gestig of saamgestel is: Met dien verstande voorts dat die Administrateur vrystelling kan verleen van enige ouditeringsgelde ten opsigte van enige spesiale ouditering."

Wysiging van artikel 24bis van Ordonnansie 1 van 1926 soos ingevoeg by artikel 1 van Ordonnansie 42 van 1952.

12. Artikel 24*bis* van die hoofordonnansie word hierby hernommer 24D en word hierby gewysig deur die skraping van die woorde „van die Unie van Suid-Afrika”.

Vervanging van artikel 26 van Ordonnansie 1 van 1926.

13. Die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van artikel 26 deur die volgende artikel:—

„Regulasies en voorskrifte.

26. (1) (a) Die Administrateur kan regulasies (finansiële regulasies genoem) uitvaardig wat:—

(i) die pligte en verantwoordelikhede van die rekenpligtige amptenaar en van die hoofontvanger van inkomste voorskryf;

the accounts of a statutory body as defined in section *one*.

(2) If it should at any time appear to be desirable in the public interest that the accounts of any body, association or organisation, which is under the jurisdiction of the Legislative Assembly and which is not a statutory body, should be audited by the Controller and Auditor-General, the Legislative Assembly may by resolution require the Controller and Auditor-General to undertake the audit of such accounts, and such body, association or organisation shall thereupon be deemed to be a statutory body for the purpose of this ordinance.

(3) If it should at any time appear to be desirable in the public interest that the accounts of a statutory body should no longer be audited by the Controller and Auditor-General, the Legislative Assembly may by resolution require the Controller and Auditor-General to discontinue auditing the accounts of such statutory body and the Controller and Auditor-General shall cease to audit the accounts of such statutory body as from the commencement of the financial year of such statutory body referred to in the resolution or in any amending legislation which may be necessary but, notwithstanding anything in any other law contained, the Controller and Auditor-General shall complete the audit of the accounts of such statutory body up to the financial year preceding that referred to in the resolution or amending legislation and shall transmit a report thereon to the Administrator, and to the relative body or authority, in terms of section *twenty-four A*.

Audit fee.

24C. In respect of any special audit, any amount which shall be computed on a basis determined by the Administrator after consultation with the Controller and Auditor-General shall be paid by the statutory body concerned for the benefit of the Territory Revenue Fund: Provided that the amount so computed shall be subject to the limitation imposed thereon by the laws under which the statutory body concerned has been constituted or established: Provided further that the Administrator may grant exemption from an audit fee in respect of any special audit."

12. Section 24*bis* of the principal ordinance is hereby renumbered 24D and is hereby amended by the deletion of the words "of the Union of South Africa".

Amendment of section 24*bis* of Ordinance 1 of 1926 as inserted by section 1 of Ordinance 42 of 1952.

13. The principal ordinance is hereby amended by the substitution for section 26 of the following section:—

Substitution of section 26 of Ordinance 1 of 1926.

"Regulations and instructions.

26. (1) (a) The Administrator may make regulations (to be known as financial regulations) —

(i) prescribing the duties and responsibilities of the accounting officer and of the principal receiver of revenue;

- (ii) voorsiening maak vir die stelsel wat gevolg moet word by die invordering, ontvangs, bank, bewaring, uitbetaling, uitgee, versorging, bestuur en beheer van openbare gelde;

en in die algemeen vir die beter uitvoering van die bepalings van hierdie ordonnansie en die bereiking van die oogmerke daarvan.

(b) Verskillende regulasies kan gemaak word ten opsigte van verskillende kategorieë van openbare gelde of verskillende kategorieë van persone aan wie die invordering, ontvangs, bank, bewaring, uitbetaling, uitgee, versorging, bestuur en beheer van openbare gelde toevertrou is.

(2) Die Administrateur kan van tyd tot tyd voorskrifte (tesourievoorskrifte genoem) uitreik, wat nie met finansiële regulasies strydig is nie, met betrekking tot die vorm van die begroting vereis vir voorlegging aan die Wetgewende Vergadering, die invordering, ontvangs, bank, bewaring, uitbetaling, uitgee, versorging, bestuur en beheer van openbare gelde en die beheer en voorraadopname van sekuriteite, seëls, voorrade of ander eiendom.

(3) Die hoofontvanger van inkomste kan van tyd tot tyd, en moet, wanneer die Administrateur hom aansê om dit te doen, aan alle persone wat verantwoordelik is vir die invordering en beheer van en beskikking oor alle inkomste waarvoor hy die hoofontvanger is, of van of oor die ander inkomste wat die Administrateur aanwys, die voorskrifte (inkomstevoorskrifte genoem) met betrekking tot sodanige invordering, beheer en beskikking uitreik wat die Administrateur goedkeur of, na gelang van die geval, hom aansê om uit te reik.

(4) Die Administrateur kan, òf in die plek van die afkondiging van finansiële regulasies ingevolge die bepalings van subartikel (1), òf in die plek van die uitreiking van tesourievoorskrifte of inkomstevoorskrifte ingevolge die bepalings van subartikels (2) en (3), onderskeidelik, òf om enige ander rede, met terugwerkende krag tot enige datum nie vroeër nie as 1 November 1966, die regulasies genoem in die voorbehoudsbepaling by artikel *sewe-en-twintig* herroep en verklaar dat enige finansiële regulasies, tesourievoorskrifte en inkomstevoorskrifte uitgereik ingevolge die bepalings van subartikels (1), (2) en (3), onderskeidelik, van artikel *een-en-sestig* van die Skatkis- en Ouditwet 1956 (Wet 23 van 1956) soos van tyd tot tyd gewysig, van toepassing is op en binne die Administrasie vir sover sodanige regulasies en opdragte nie teenstrydig of onbestaanbaar is met die bepalings van hierdie ordonnansie of van enige finansiële regulasies gemaak of tesourievoorskrifte of inkomstevoorskrifte uitgereik ingevolge hierdie ordonnansie nie: Met dien verstande dat geen tesourie-omsendbrief, inkomste-omsendbrief, tesourie-omsendminuut, inkomste-omsendminuut, tesourie-minuut of inkomste-minuut uitgereik ingevolge die tesourievoorskrifte of inkomstevoorskrifte uitgereik ingevolge die bogenoemde wet van toepassing

- (ii) providing for the system which shall be observed for the collection, receipt, banking, custody, issue, expenditure, care, management and control of public moneys;

and generally for the better carrying out of the provisions of this ordinance and the achievement of the objects thereof.

(b) Different regulations may be made in respect of different categories of public moneys or different categories of persons entrusted with the collection, receipt, banking, custody, issue, expenditure, care, management and control of public moneys.

(2) The Administrator may from time to time issue instructions (to be known as treasury instructions) not inconsistent with any financial regulations, relating to the form of the estimates required for presentation to the Legislative Assembly, the collection, receipt, banking, custody, issue, expenditure, care, management and control of public moneys and the control and stock-taking of securities, stamps, stores or other property.

(3) The principal receiver of revenue may from time to time, and shall whenever required by the Administrator to do so, issue to all persons responsible for the collection, control and disposal of all revenues for which he is the principal receiver, or of such other revenues as the Administrator may direct, such instructions (to be known as revenue instructions) relating to such collection, control or disposal, as the Administrator may approve or, as the case may be, require him to issue.

(4) Either in lieu of the promulgation of financial regulations under the provisions of subsection (1), or in lieu of the issue of treasury instructions or revenue instructions under the provisions of subsections (2) and (3), respectively, or for any other reason, the Administrator may, with retrospective effect to any date not earlier than 1st November, 1966, repeal the regulations referred to in the proviso to section *twenty-seven* and declare that any financial regulations, treasury instructions and revenue instructions issued under the provisions of subsections (1), (2) and (3), respectively, of section *sixty-one* of the Exchequer and Audit Act 1956 (Act 23 of 1956), as amended from time to time, shall apply to and within the Administration in so far as such regulations and instructions are not repugnant to or inconsistent with the provisions of this ordinance or of any financial regulations made or treasury instructions or revenue instructions issued in terms of this ordinance: Provided that no treasury circular, revenue circular, treasury circular minute, revenue circular minute, treasury minute or revenue minute issued in terms of the treasury instructions or revenue instructions issued in terms of the aforesaid Act shall apply to and within the Administration unless and until the Administrator shall have decided that

is op en binne die Administrasie nie tensy en totdat die Administrateur besluit het dat dit aldus in die geheel of gedeeltelik of met sodanige veranderings of op sodanige voorwaardes soos hy goed vind, van toepassing moet wees.”.

Kort titel en datum van inwerking-treding.

14. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Finansies en Ouditering 1969 en tree in werking op 'n datum wat die Administrateur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bepaal: Met dien verstande dat verskillende datums aldus deur die Administrateur bepaal kan word vir verskillende seksies van die genoemde ordonnansie.

it shall so apply in whole or in part or with such modifications or under such conditions as he may deem fit."

14. This ordinance shall be called the Finance and Audit Amendment Ordinance 1969, and shall come into operation on a date to be fixed by the Administrator by notice in the *Official Gazette*: Provided that different dates may be so fixed by the Administrator for different sections of the said ordinance.

Short title and
date of
commencement.
